

29 Desember

2 Korintiërs 4:7-5:10

Hoe om lewensaanslae te oorwin

Kleipotte wat maklik breek, 'n Aardse woning wat maar 'n tent is. So beskrywe Paulus ons aardse lewe. Daar is meer as genoeg om ons moedeloos te maak: verdrukking, radeloosheid, verlatenheid en ten einde laaste nog ons sterwensomblik. Eintlik voel dit asof alles teen 'n mens werk.

Hierteenoor het elke mens die intense behoefte om volledig en volkome in beheer te wees. Elkeen soek naarstigtelik na maniere om te oorleef en staande te bly. In hierdie soektog na oplossings vir lewensaanslae moet ek weet dat die wêreldse invloede my wil onderkry. In stede daarvan dat ek self daarteen probeer stry, moet ek eerder leer om die aanslae te aanvaar. Ek moet glo dat ek uiterlik besig is om te sterwe. Ek moet my lewe in God se hand oorgee.

Hierdie oorgawe en prysgawe is net moontlik as ek glo dat Christus besig is om my van dag tot dag innerlik te vernuwe.

Daardie vernuwing neem nie noodwendig die swaarkry onmiddellik weg nie, maar laat my met 'n ander oog daarna kyk. Wanneer Christus besig is om my te vernuwe is daar 'n ander gesindheid.

Ek kyk nuut, want daar wag 'n ewige heerlikheid anderkant.

Ek kyk dieper, want Christus maak die onsigbare dinge vir my ewig.

Ek kyk met sekerheid, want Christus verseker my dat die aanslae my nie sal onder kry nie.

Ek kyk met verlange, want 'n vaste gebou is beter as 'n tent.

Ek oorwin lewensaanslae net omdat Christus my nuutgemaak het.

Sing: Psalm 18:1

Ds. P.J. van Blerk (Birchleigh)